CQ BOLAND

NUUSBRIEF VAN
DIE BOLAND AMATEUR RADIO KLUB

Junie 2011

KOMITEE VAN BOLAND AMATEUR RADIO KLUB

Johan le Roux	ZS1RX	021-9192246
Karl Canitz	ZS1KC	021-9765237
Rassie Erasmus	ZS1YT	021-8545764
Jan Van der Vyver	ZS1VDV	083-3795859
Conradt Esterhuizen	ZS1ES	083-6296316

Gekoöpteerde Lede

Deon Heydenrych	ZS1G	082-6539884
Douglas Defty	ZS1DUG	021-9436300
Deon Coetzee	ZR1DE	021-9764167

KLUB BULLETINS

Tyd: Sondae om 7:45
Frekwensies: 3670kHz, 7094kHz LSB en 145,700 FM

KENNISGEWING VAN DIE VOLGENDE BARK VERGADERING

U word vriendelik uitgenooi na BARK se algemene jaarvergadering op Saterdag 18 Junie 2011 om 11:00 te Lugmagbasis Ysterplaat. Bring u LV saam. Willie Koorts wat op Donderdagaande op RSG se Sterre en Planete te hoor is sal die dames op ‘n reis deur ons sterrestelsel neem in Ysterplaat se Planetarium. Die vergadering behoort so teen 12 uur klaar te wees en daarna sal ‘n aansit ete geniet word teen `n koste van R50.00 per persoon. Bespreek asb. so gou as moontlik by Karl, ZS1KC of Johan, ZS1RX. ‘n Kontant kroeg sal ook beskikbaar wees.

BYDRAES TOT CQ BOLAND

Die redaksie van CQ BOLAND verwelkom alle bydraes vanaf Boland se Amateurs en vriende van die klub. Bydraes mag egter volgens die diskresie van die redakteur aangepas en geplaas word om sodoende die gepastheid en kwaliteit van inligting en artikels te verseker. Bydraes moet ten minste vier weke voor die datum van die volgende vergadering aan die redaksie met behulp van E-pos, of op disket gestuur word.

Stuur u bydraes aan:

E-pos: ZS1RX@MAILBOX.CO.ZA
Posadres: CQ Boland Posbus 273 STRAND 7139

VAN DIE VOORSITTER.

Ek sien uit daarna om u weer te sien met BARK se algemene jaarvergadering op die 18 de Junie te Ysterplaat. Ons sal ook graag die LV's daar wil sien.

Let asseblief daarop dat u verantwoordelik sal wees vir die gelde as u bespreek. Koste word aangegaan vir elke persoon wat bespreek en sou u nie opdaag nie moet BARK steeds vir u ete betaal.

Dan is die verkiesing van die nuwe bestuur van BARK ook ophande. In hierdie uitgawe is daar ''n nominasie vorm vir die nuwe bestuur van BARK. Stel u asseblief beskikbaar, as u kan, om te help met die bestuur van BARK.

Dan is die Roepsein ZS50RSA aan BARK toegeken. Hierdie roepsein sal vir die volgende jaar gebruik word om die 50 ste bestaansjaar van die Republiek van Suid-Afrika te gedenk.

Gedurende Augustus is dit weer "Vuurtorings op die lug". BARK sal ook hier verteenwoordig wees.

Dan wil ek ook versoek dat u alle nuus aan die bestuur van BARK stuur vir insluiting in Sondae se bulletins. U is ons oë en ore.

Baie dankie aan Raoul, ZS1REC vir die tydperk wat hy op BARK se bestuur gedien het. Raul het bedank as deel van die komitee, maar hy bly steeds ''n lid van Boland. Ook ''n groot dankie aan hom vir sy organisasie en bydrae om die Marconi dag 'n sukses te maak.

Johan, ZS1RX

BARK VERGADERING VAN SATERDAG, 18 JUNIE 2011

Deur Johan, ZS1RX

Ons volgende BARK vergadering vind plaas op Saterdag, 18 Junie 2011, te Lugmagbasis Ysterplaat.

<u>Hoe kom ek daar?</u>

Volg die N1 vanaf Bellville. Neem die Milnerton Afrit. Ry in Koebergweg in 'n noordelike rigting. Draai regs in Piet Grobelaar. Die Ingangshek van die basis is aan die linkerkant. Ry reguit aan tot by die parkeer area na die Shackleton. Sien die kaart vir meer besonderhede.

Die GPS verwysing is S33.90829 en E18.49083 Daar sal bystand wees op die 145.700 herhaler.



KOM ONS GESELS TEGNIES

BHF VELDSTERKTE METER

Deur Johan, ZS1RX

Ek het die onderstaande projek by http://www.circuitstoday.com/vhf-field-strength-meter raakgeloop. Ek verkies om klein projekkies in CQ Boland te publiseer aangesien dit dan baie vinnig is om te bou. Hierdie stroombaan is baie eenvoudig en kan in 'n middag gebou word. Die komponente wat gebruik word, is ook alledaagse komponente.

Beskrywing

Dit is 'n eenvoudige en 'n lae koste wye band BHF veldsterkte meter. Die veldsterkte word gemeet deur die omskakeling van die radio sein na gelykgolf en dan die spanning te meet. Die RF sein word opgevang deur die spoel en gelykgerig deur diode D1. Slegs 'n baie klein GS spanning is genoeg om die aanpassing van die FET te verander en dit te weerspieël op die meter as 'n aanduiding van die teenwoordigheid van 'n radio sein. Die meter kan

gekalibreer word deur R2 te verstel. Meter M1 moet zero lees in die afwesigheid van 'n radio sein. Hierdie kring kan ‘n radio seine van ‘n handradio tot 'n afstand van enkele meters optel.

Die Stroombaandiagram:



Gebruik 'n 9V battery.

Gebruik 'n 250uA FSD meter vir M1.

Die spoel L1 kan gemaak word deur 6 draaie van 20 SWG emalje koperdraad op 'n ¼ duim plastiek “former” te draai.

Die antenna kan 'n teleskopiese of draad wees.

Bou dit en geniet dit!

Stuur asseblief alle nuus aan: nuus@bark.org.za Ons maak staat op u om nuus i.v.m. lede van BARK vir ons te stuur. Dikwels weet ons nie van Lief en Leed in die klub nie.

BEHANDEL ASBESPLAAT DAKKE WAT DONKER VERKLEUR IS DEUR SWAMME EN MOS MET MIN MOEITE

Deur Rene, ZS1VR

Enige amateur wat sy sout werd is klim af en toe op die dak om sy 2m antenna of HF dipool mas te verstel….maar wat kan meer mismoedigend wees om af te kyk na die dak en te sien hoe dit donker verkleur is deur die swamme, mos en ligenes wat floreer. So ‘n donker gekleurde dak kan in die somer hitte tussen 5 en 7 grade warmer word as ‘n skoon dak en dit word ook tot ‘n groot mate weerspieël in die binnenshuise temperatuur op ‘n warm somerdag.

Om die dak skoon te skrop met ‘n besem of borsel is harde werk en ‘n hoe druk spuit is geneig om te veel asbesvesel los te maak wat in die geute versamel; dis ook ongewens.

Ek het ‘n mengsel van kopersulfaat oplossing en bleikmiddel (JIK) gebruik en dit het uitstekend gewerk.

Die oplossing word egalig in ‘n fyn sproei oor die hele dak oppervlak aangewend.

Die spuit apparaat:

Meeste 5l tuinspuit apparate het ‘n aluminium pypie van die sproeiklep na die sproeikop. Die kopersulfaat/bleikmiddel mengsel reageer taamlik vinnig met die aluminium wat die pypie verstop met ‘n koperkleurige sout en dit skep probleme met die klein gaatjie in die spuitkop.

‘n Plastiek pypie sal goed werk maar ek kon nie ‘n passende dikte pypie kry nie. Ek het so 8mm dik koper pyp lengtes uit ‘n ou lugversorger herwin en dit ingepas. Koper reageer nie met die mengsel nie.

Gaan so te werk:

1. Kies ‘n warm, windstil dag om die dak te behandel.

2. Bespuit die dak egalig met ‘n fyn sproei en maak seker dat die plate (of teëls) egalig benat word wat dan natuurlik weer vinnig sal droog op ‘n warm dag.

3. Wees versigtig om nie plante of struike te besproei nie en moet nie die fyn sproei in die oe kry nie veral nie in toeskouers se oe nie. (Kies ‘n windstil dag !)

Was jou hande met seep en water as die werkie afgehandel is.

4. Die opvolgende winter seisoen reëns sal die skoon maak proses doen wanneer die reëndruppels wat neerplons die dooie swamme sal losmaak en afwas veral as dit lekker harde buie is wat val.

5. ‘n 5 Liter spuitmengsel bestaan uit die volgende :

- Twee eetlepels kopersulfaat kristalle opgelos in 5 liter water.
- Een vol koppie bleikmiddel word bygevoeg wat die mengsel sal laat vertroebel.
- Roer om die mengsel homogeen te kry en wend aan.

Die troebel mengsel is ‘n fyn onoplosbare presipitaat van koper wat langer op die dakplate vasgevang word vir langwerking.

Na drie jaar is ons huisdak nog die oorspronklike lig bruin/vaal kleur soos na die eerste winter reëns, en dis opmerklik koeler in die huis gedurende die warm somer dae.

SARL RTA – 7 MEI 2011

Deur Rassie, ZS1YT

Saterdag 7 Mei het die SARL hierdie jaar se reeks van RTA’s afgeskop met die eerste een in die Wes-Kaap en wel by die Kaapse Skiereiland se Universiteit van Tegnologie. RTA is die afkorting vir Radio Tegnologie in Aksie.

Die openingsrede is gelewer deur Ben Groenewald, die hoof van die Departement van Elektriese Ingenieurswese van KSUT.

Dennis Green, President van die SARL, ZS4BS, het daarna ‘n aanbieding gelewer .

Sy onderwerp was: “Amateur Radio is a valuable resource for further education.”

Dit is opgevolg met ‘n paneelbespreking oor die onderwerp: “How can older amateurs get more value from/ out of amateur radio?”

Teen 11:15 kon ons luister na ‘n uiters interessante relaas aangebied deur een van die MSc graduante van KSUT rondom die Satelliet projek by KSUT.

Dit is gelei deur Jean Bester. Hy het sy meestersgraad verlede jaar voltooi. Hy werk tans vir F’SATI, ‘n Franse satelliet - ontwikkelaar, tesame met nog 9 ander satelliet-projeklede.

Teen 12h00 is ons bekend gestel aan “Field Programmable Gate Arrays” Die spreker was John Willescroft, ZS6EF. ‘n Verstaanbare verduideliking van FPGA is gegee asook die voordele daarvan en waar dit in amateurradio aangewend kan word.

Na ete kon almal ‘n besoek bring aan die grondstasie sowel as die antennastelsel wat deur die KSUT studente gebou is en nog verder ontwikkel word. Die antennastelsel is uit die boonste rakke. Die BHF en UHF antennas bestaan uit 22element rigstralers (horisontaal en vertikaal gepolariseer) wat in ‘n horisontale en vertikale posisie gestel kan word. ‘n HF antenna vir 20m word beplan vir die monitering van ‘n 20m baken aanboord van een van die satelliete.

Teen 14h00 het ‘n voorlegging gevolg van die 2 SA AMSAT satelietprojekte. Hulle staan bekend as KletsKous en SAiSAT.

Eddie Leightin ZS6BNE het om 14h40 ‘n voorlegging gedoen oor die RaDAR projek en hoe alle amateurs daarby betrokke kan raak en genot daaruit kan put. RaDAR staan vir Rapid Deployment of Amateur Radio in the field.

Hans van de Groenendaal het die verrigtinge afgesluit met ‘n voorlegging van hoe die IARU (Internasionale Amateurradio- Unie) tot voordeel van Suid Afrikaanse radio amateurs is.

‘n Totaal van 48 persone het die RTA bygewoon.

‘n Spesiale woord van dank gaan aan Karl, ZS1KC en Louis, ZS1JLB wat bedrywig was met die voorbereiding van middagete by die RTA.

ARRL TOEKENNING

Baie geluk aan Raoul, ZS1REC met “Mixed” en “CW” ARRL DXCC toekenning. Hierdie is baie gesogte toekennings. Namens BARK wens ons jou baie geluk met hierdie prestasie.

Raoul se 160m DXCC is ook in die pyplyn. Hy kort nog net ‘n paar Qsl kaarte. Hy het tans 125 lande op 160m gewerk.

SARL TOEKENNINGS

By vanjaar se SARL AJV is ‘n paar lede van BARK met toekennings vereer.

Die volgende pryse is deur BARK lede ontvang:

- Jack Twine verdienstelikheid toekenning aan Deon, ZS1G. Hierdie prys word toegeken vir Deon se diens aan BARK met die uitbreiding en instandhouding van die BARK webblad.
- BARNEY JOEL Trofee aan Rassie, ZS1YT. Hierdie trofee word toegeken aan ‘n amateur wat uitstaande HF mobiele werk tydens die afgelope jaar verrig het. Rassie ontvang die prys vir sy HF APRS uitsendings tydens ‘n reis deur Namibië.
- ARLAND USSHER Goue pen toekenning gaan aan Guido, ZS1UHF vir die hoogste punte behaal in die Klas A RAE in 2010.
- GARY IMMELMAN Trofee gaan aan Vidi, ZS1EL Hierdie trofee word toegeken aan die outeur van die beste Radio ZS artikel met ‘n geskiedkundige agtergrond.

Dan het ‘n bekende amateur in die Wes Kaap, hoewel nie lid van BARK nie, Ere lid maatskap van die SARL ontvang. Dave ZS1SG, bekend vir sy toegewyde diens aan die amateurgemeenskap met die instandhouding van herhalers het hierdie eer te beurt geval.

Baie geluk aan die ontvangers van hierdie toekennings



Bou hierdie maklike HF radio. Die hart van hierdie stroombaan is die ZN414.

HAMNET HELP MET DIE BESTRYDING VAN DIE BRAND IN DIE HELDERBERG

Deur Jan, ZS1VDV

Hamnet was geaktiveer om 12:42B op 16 April 2011 om bystand te verleen tydens die brande teen die Helderberg naby Somerset-Wes.

ZS1ZV (Fred) was op die toneel as 'n lid van die buurtwag en was behulpsaam met die verkeer beheer. ZS1PVS (Paul), ZS1HJC (Jean), ZS1DFR (Dave), ZS1FAS (Francois) en ZS1XZ (Erich) het op die Hamnet aktivering gereageer. Die lede van Hamnet het 'n Gesamentlike Operasies Sentrum saam met lede van die SAPD, Provinsiale Verkeer, Metro Polisie, Stad Kaapstad Rampbestuur en die buurtwag. ZS1DFR se draagbare basis kommunikasie stelsel was vinnig ontplooi. Hy is later bygestaan deur ZS1FAS (Francois), ZU1HV (Hendré van DSAR) en ZU1JV (Johan van Orru).

Lede van HAMNET het met die volgende gehelp:

- Beveiliging van 'n landing sone om die brandweer helikopters te herbunker.
- Om Brandstof Vragmotors na die landing sone te lei.

- Die koördinering van die insameling van kos donasies vir brandbestryders.
- Vervoer kospakkies van die tydelike kombuis na die brandbestryders.
- Die koördinering en beplanning tussen die verskillende groepe op die toneel.
- Monitering van die brand en die waarsku van nuwe gebiede van kommer.
- Die begeleiding van brandweerwaens vanaf Kaapstad na plekke van ontplooiing.

Kommunikasie is uitgevoer op 'n verskeidenheid van kanale, insluitende die plaaslike Metro EMS herhalers en simplex kanale vir die kommunikasie met die WSAR geaffilieerdes, die buurtwag se UHF herhaler vir gesprek met die +_ 200 lede wat hulleself beskikbaar gestel het en amateur herhalers vir kommunikasie tussen die Hamnet en nie-Hamnet lede betrokke by die operasie.

Die gereelde oefeninge en reddingsoperasies wat ons gedoen het met die WSAR affiliasies het 'n vinnige koördinering van opdrag en rolle tot gevolg gehad. Die gemak van en spoed waarteen dit plaasgevind het was indrukwekkend en uitstekend.

Op Sondag 2011/04/17, was daar 'n kleiner weergawe van die operasie waarby ZS1PVS, ZS1ZV, ZS1XZ en ZS1VDV en verskeie ander WSAR en buurtwag vrywilligers betrokke was. Take het ook ingesluit die beveiliging van 'n landing sone vir helikopters en die koördinering van die verspreiding van die kospakkies aan die brandweer.

’n Helikopter is besig om die Helderberg brand te bestry

Dankie aan almal wat gehelp het om hierdie operasie ‘n sukses te maak en die Radio Amateurs se naam hoog te hou.

BARK MARCONI DAG – 30 APRIL

Deur Raoul ZS1REC

Bark het Saterdag 30 April Marconi dag gevier. Marconi dag het begin deur Radio amateurs wat hulde bring aan Marconi en sy maatskappy deur radio stasies te beman naby aan vorige of huidige Marconi senders.

Raoul, ZS1REC besig om ‘’n morsekode kontak te maak

Raoul, ZS1REC, het die geleentheid benut deur 'n stasie by die Voortrekkersaal in Kuilsrivier op te stel met die doel om gelykgolf te bevorder deur radio kontakte te maak met ander amateurs wat gewoonlik nie gelykgolf gebruik nie. As beloning is 'n mooi sertifikaat aan die operateurs wat kontak gemaak het, gestuur.

Die stasie was van ongeveer 9:30vm tot 2:30nm aktief. Natuurlik is daar ook vuur gemaak en die manne het lekker "vergadering" gehou! Baie dankie aan die BARK komitee wat die idee ondersteun het en al die manne wat die moeite gedoen het om 'n sleutel nader te trek. Tot Johan, ZS1RX, het kontak gemaak en so ook Rassie, ZS1YT voordat hy hom by ons kom aansluit het!

Rassie, ZS1YT verduidelik aan Clyde, ZS1CS hoe sy morsekode sleutel werk

Skaars DX op Gelykgolf!!!

NOMINASIE VIR BARK BESTUUR 2011/2012

Hiermee nomineer ek, _____,

Roepsein_____ vir _____,

Roepsein_____ om hom/haar verkiesbaar te stel vir die BARK komitee vir die periode 2011/2012.

Handtekening_____

Hiermee sekondeer ek, _____,

Roepsein_____ bogenoemde nominasie.

Handtekening_____

Ek, _____, Roepsein_____ aanvaar hierdie nominasie en stel myself beskikbaar om op die komitee van BARK te dien indien ek so verkies word.

Handtekening_____

Hierdie dokument kan per e-pos aan zs1bak@bark.org.za gestuur word of gefaks word aan 0867582763.

Die Nominasie moet die sekretaris bereik voor of op Maandag 13 Junie 2011.

BARK VERGADERING VAN SATERDAG, 26 MAART 2011

Deur Johan, ZS1RX

Die vergadering het plaasgevind op die plaas “Die Slot van die Paarl”. Hierdie vergadering was die laaste vergadering op die plaas en ‘’n era van vergaderings te “Slot van die Paarl” kom hiermee tot ’n einde.

Van die teenwoordiges gedurende die vergadering

Die vergadering het net na 12:00 verdaag. Daarna was daar ’n kattebak verkoping en ’n lekker Bolandse braai

Die volgende 51 persone het die teenwoordigheidslys geteken:

ALBERTS, JOHAN ZS1B
AMBROSE, TOM ZS1TA
BARNARD, TAS ZR1TAS
BLOM, BENJA ZS1BLM
BOTHA, LOUIS ZS1JLB
CANITZ, KARL ZS1KC
CHAMBERLAIN, HENRY ZS1AAZ
COETZEE, DEON ZR1DE
COETZEE, RAOUL ZS1REC
CONRADIE, KOBUS ZS1K
COSTA, GUIDO ZS1UHF
DE VILLIERS, FRANCOIS ZR1ACF
DISSEL, ADRIAAN ZU1AD
DISSEL, JOHAN ZS1JDL
DREYER, THEO ZS1BO
ELLIS, ANDRE ZU1KOK
ERASMUS, RASSIE ZS1YT
ESTERHUIZEN, CONRADT ZS1ES
GREYVENSTEYN, MATT ZS1MJJ
HAARHOFF, JOE ZS1AAB
HEYDENRYCH, DEON ZS1G
HYMAN, CLYDE ZS1CS
JENDRISSEK, BERND
JENDRISSEK, PETER ZS1JX
KOEGELENBERG, DANIE ZS1VD
KORKIE, LEON ZS1MM
LA GRANGE, VIDI ZS1EL
LE ROUX, DAVID ZS1DAV
LE ROUX, HENNIE
LE ROUX, JOHAN ZS1RX

LE ROUX, RONÉ ZU1RX
LUCAS, AVRON ZR1AHL
McLEARY, SAM ZS1OR
NOTHLING, HANS ZS1WZ
SADIE, BENNA ZS1PBS
SCHEEPERS, BOB ZS1BOB
SHAW, ANDRE
SMIT, SMITTIE ZS1AK
SMITH, ALEX ZS1L
SWANNEPOEL, JOHAN ZS1JSK
THERON, JAQUES
TINKLER, NORMAN ZS1NHT
TOXOPEUS, HENK ZS1ACD
VAN EDEN, NEELS ZS1OB
VAN STADEN, OLIVIER ZS10LI
VAN WYK, KOOS ZS1KWV
VAN ZYL, BETSIE
VAN ZYL, RENE ZS1VR
VERSTER, PHILIP ZS1DV
VICTOR, LEON ZS1VIC
VISSER, ANTON ZU1ASV

Lede van BARK in ernstige gesprek om die braaivleis vuur

HOE SLUIT EK BY BARK AAN? HOE HERNU EK MY LIDMAATSKAP

Die maklikste manier om by BARK aan te sluit of om u lidmaatskap te hernu is om dit via die internet te doen. Gaan na BARK se webwerf by http://bark.org.za. Gaan na Aansoek/Hernu vorm en voltooi die informasie wat verlang word. Of gaan direk na http://bark.org.za/?page_id=290. Doen ‘n internet betaling in BARK se rekening in. Die bank besonderhede is:

Bank: ABSA.
Takkode: Internet - 632005, Toonbank – 334312.
Rek No: 429720974.

Ledegeld vir ‘n gewone lid is R80,00 en vir ‘n skolier of student R40.00.

VAN Boland Amateurradio klub
Posbus 273
STRAND
7139